



SKOONMAAK VAN VERSAMELING

- Deur die omgewing om die kunswerk skoon te hou, kan help met die behoud daarvan. Stof is hidroskopies, dus absorbeer dit vog. Dit kan lei tot skimmel of die ophoping van stof tussen die doek en die "Engels: stretcher bar" van 'n skildery (die raam wat die spanning in die skildery verstel), wat verf verlies kan veroorsaak.
- Maak die kunswerk skoon met 'n sagte kunstenaars - of groot grimerings kwas (vermy die gebruik van 'n verestoffer). Begin bo en werk stelselmatig afwaarts, borsel die kunswerk liggies af met horizontale bewegings. Moet nie skoonmaak middels of water direk op die oppervlak van die kunswerk gebruik nie.
- Om kuns wat onder glas geraam is skoon te maak, gebruik 'n skoon, effens klam mikro-vesel doek. As die glas nie 'n UV-filter het nie, kan Windolene gebruik word. As jy museum glas het, volg die vervaardiger se gespesifieerde skoonmaak riglyne.
- Kontak 'n professionele restoureerder indien 'n in-diepte skoonmaak van die kunswerk benodig word.

RAME

- Deur 'n kunswerk te raam kan dit bydra tot die versorging daarvan, insluitend die beskerming van die hoeke.
- Vir werke op papier word argiefbord en gom altyd aanbeveel. Die agterkant van die raam kan heeltemal verseël word.
- Om jou papierkuns verder te beskerm teen skadelike UV-strale, kan jy jou kunsramer vra om museum glas te gebruik wat glansvry is met 'n UV-beskermende laag.
- Weens statiese elektrisiteit, moet nie Perspex oorweeg vir pastel of ongesette houtskool nie.
- Moet nooit 'n papier kunswerk raam sonder om 'n matbord spasieerdeer of vensterbrug te gebruik nie, aangesien dit die werk beskerm teen moontlike vog wat tussen die glas en die kunswerk vasgevang kan word.

OPHANG

Oorweging kan gegee word aan muur en kuns hardware vir die ophang daarvan, sowel as noukeurige geselekteerde hangtou.

BERGING

Die versorging van kunswerke wanneer hulle gestoor word, is net so belangrik as om dit te versorg wanneer hulle vertoon word. As jy 'n stoorplek vir die kunswerk opstel, oorweeg die volgende:

- Kies 'n area wat noukeurig beheer kan word, wat skoon, droog en donker is.
- Wanneer die kunswerk gestoor word, lig dit effens van die grond af, selfs 'n bietjie sal reg wees.
- Wanneer veelvoudige geraamde werke teen mekaar gestoor word, pak hulle in grootte volgorde rug-teen-rug en voorkant-teen-voorkant, met tussenblaaike tussen hulle. Stoor ongeraamde werke horisontaal met argief tussenblaaike in metaal kaste.
- Ondersoek die gestoorde werke gereeld vir enige moontlike veranderinge in hulle toestand.



Berg werke rug-teen-rug en voorkant-teen-voorkant

Deur dié riglyne te volg, sal dit bydra tot die behoud van u kunswerke. Maak seker om 'n professionele fynkuns restoureerder te kontak vir hulp as u ooit onseker is.

<http://www.loc.gov/preservation/care/>
<http://museumsassn.bc.ca/archives/collection/caring-collections/>
<https://aiccm.org.au/conservation/collection-care>

Omslag: Bill Ainslie, Moeder en Kind (ISANG Permanente Versameling)

Fotos: N Pamplin, T Sibisi, L Truter en A Zehnder




centre for
CURATING
the archive



MOET'S EN MOENIE'S

Beskerming van jou kunsversameling



iziko
museums of
South Africa



Om jou kunswerk te beskerm en te bewaar,
is 'n proses van voorkomende aksies, wat daarop
gemik is om die agteruitgang van 'n kunswerk
te verminder of te vertraag. Dit kan behels
fotografiese dokumentasie, analiese van lig vlakke
en posisionering sodat die beste temperatuur
en relatiewe humiditeit voorsien kan word.
Korrekte metodes om kunswerke te hang
en rond te beweeg dra ook by tot die
versorging van jou versameling.

OPMERK VAN SKADE

Om te kyk of daar tekens van skade of agteruitgang is,
is die eerste stap in die versorging van jou kunswerk.
Indien die werk beskadig is, kan dit wees as gevolg
van skadelike omgewingstoestande of moontlike
hanteringsfoute. Veranderinge as gevolg van blootstelling
aan onbeheerde vertoon- of beringing toestande kan
mettertyd vererger, maar kan met behulp van 'n
professionele restoureerde bestuur en selfs verminder
word. As u kunswerk enige tekens van skade of
agteruitgang toon, kry die mening en hulp van 'n
professionele persoon.

Tekens van skade kan insluit;

- Oplig van verf, verliese, skrape of verkleurde vernis op die skildery.
- Skade aan die raamwerk van kunswerke, soos verliese, krate of openinge by die hoeke.
- Verkleuring verwys na 'n algehele verbruinde voorkoms, terwyl "Engels: foxing" verwys na die verkleuring van klein areas. Maak seker dat u albei kante van kunswerke op papier ondersoek. Klein gaatjies in die kunswerk wat stof vrylaat, mag die besmetting van insekte aandui.



Engels: foxing", soos wat gesien kan word op die hout bord.

LIG, TEMPERATUUR EN RELATIEWE HUMIDITEIT

Lig kan kunswerke beskadig; dit kan die kleur laat vervaag en veroudering versnel. Veranderinge in temperatuur en relatiewe humiditeit kan veroorsaak dat die papier krul, verf laat kraak of borrels maak, hout te laat skeef trek of split, en metaal te laat roes.

U kan hierdie risiko's verminder deur die volgende riglyne te volg:

- Vermy direkte lig en hou daglig so veel moontlik uit deur middel van blindings en UV filters.
- Moenie lampe of kolligte te naby aan die kunswerk laat skyn nie. As 'n riglyn, hou die lig vier meter weg.
- Waar moontlik, gebruik lampe met 'n lae UV-uitstralung. Die meeste "LED"-gloeilampe is veilig om te gebruik, in teenstelling met halogeen- of wolfram ligte, wat verkleuring van werke kan veroorsaak.
- Beperk die hoeveelheid tyd wat die voorwerpe verlig word. Skakel die lig af wanneer u die kamer verlaat.
- Indien moontlik, moenie voorwerpe direk teen 'n buitemuur plaas nie. As dit gedoen moet word, laat 'n spasie van minstens vyf sentimeter tussen die kunswerk en die muur. Buite mure het 'n hoë voginhoud en is kouer in die winter en dikwels warmer in die somer as ander mure.
- Probeer om die verskuiwing van kunswerke te minimizeer, aangesien daar veranderinge in temperatuur en relatiewe humiditeit in die nuwe ruimte kan wees en hierdie skommelinge kan skadelik wees.
- Maak seker die binnenshuise klimaat is so stabiel as moontlik en moenie kunswerke te naby aan deure of vensters hang nie.
- Gee aandag aan die plasing van verwarmers, lugversorgers, kerse of lampe relatief tot jou kunswerk.
- Om 'n kosbare kunswerk bokant 'n kaggel te hang, word nie aanbeveel nie.



Verlyke instrumente kan gebruik word om lig, temperatuur en humiditeit te monitor.

POSISIONERING, HANTERING EN SKUIF

Skade kan voorkom word wanneer kunswerke verskuif word. Om die risiko te verminder, beweeg 'n kunswerk net sodra jy seker is van die finale plek waarheen dit beweeg gaan word, wat vooraf bepaal is.

- Oorweeg kleredrag voordat enige kunswerk hanteer - verwyder enige juweliersware, bykomstighede of kledingstukke wat die kunswerk kan krap of aan kan haak en sodoende skade aanrig.
- Maak hande deeglik skoon voordat u handskoene aantrek. Gebruik wit katoen handskoene of latexvrye nitril handskoene wanneer kunswerke hanteer word.
- Beplan vooruit - oorweeg roetes en struikelblokke wat u mag ervaar terwyl u die kunswerk verskuif.
- Berei 'n skoon, veilige oppervlak voor jy die werk verplaas deur die oppervlak met komberse te bedek om krappe te voorkom.
- Hou jou kunswerk met albei hande vas, weg van jou liggaam en gerig na jouself. As die kunswerk groot is, vra vir hulp. As baie kunswerke verskuif word, moet 'n trollie oorweeg word.
- Lig kunswerke aan die konstruksie-elemente, nie aan die ornamentele, dele of handvatsels nie. Lig kunswerke aan die kante van die raam in 'n vertikale posisie.
- Moenie die kunswerk in 'n smal gang, agter 'n deur, onmiddellik agter 'n lessenaar stoel of op 'n plek sit waar dit aan risiko vir skade blootgestel kan word nie.
- Skilderye en afdrukke kan van die muur af weggehoo word met plastiek-, rubber-, glyvrye spasieerdeers of selfs deur kurk te gebruik.



Hou altyd 'n kunswerk weg van jou liggaam wanneer dit hanteer word.